

Fragmente uit die *Ilias*.

Homerus. Vertaal deur Cas Vos. Pretoria: Protea Boekhuis, 2014. 160 pp. ISBN: 978-1-4853-0181-3.

DOI: <http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v52i2.32>

Die *Ilias* en *Odusseia* van Homeros behoort tereg tot die hoogtepunte van die wêreldletterkunde. Hoewel daar die afgelope tyd 'n groot aantal Engelse vertalings hiervan verskyn het, is die enigste volledige vertaling in Afrikaans nog steeds dié van die Stellenbosse klassikus J. P. J. van Rensburg wat in die middel van die vorige eeu gepubliseer is. Van Rensburg se vertaling, hoewel baie noukeurig, is egter taamlik argaïes en prosaïes en slaag nie daarin om reg te laat geskied aan die poëtiese aard van die eposse nie. Cas Vos, 'n teoloog en digter met verskeie digbundels op sy kerfstok, se poging om 'n vars, nuwe vertaling van 'n keur van uittreksels uit die *Ilias* in digterlike formaat te lewer, moet dus van harte verwelkom word.

Die eerste helfte van die werk word in beslag geneem deur drie inleidende hoofstukke. Die eerste hiervan—ietwat onvanpas getitel "Homerus se afdrukke" aangesien dit om veel meer as net die "afdruk" (impak?) van Homeros handel—bespreek naas die invloed van Homeros ook die tipiese inleidingsvraagstukke soos die komposisie, outeurskap, taalgebruik, vergelykings en versmaat. Hierdie hoofstuk sluit 'n hele aantal aanhalings uit moderne werke in wat die invloed van Homeros uitnemend illustreer. Hoewel die hoofstuk verder heelwat interessante inligting vir die oningewyde leser bevat en selfs vir die ingeligte leser verrassende perspektiewe op die invloed van Homeros bied, is daar tog ook 'n paar sake wat pla. Die onderskeid tussen paragraaf 2 ("Die invloed van Homeros se werke") ener syds en paragraaf 5 en 6 ("Die *Ilias* se invloed op die poësie" en "Die *Ilias* se afdruk in die Afrikaanse poësie") andersyds is nie baie dui-

delik nie, aangesien paragraaf 2 ook na die invloed op poësie verwys. In al drie paragrawe word Homeros (dit wil sê die *Ilias* en die *Odusseia*) dikwels gelyk gestel aan die mites waarop Homeros berus. Só word daar byvoorbeeld op bl. 15 beweer: "Homerus bied ook die grondstof vir Seamus Heaney se voortrefflike drama, *The cure at Troy* (1990)". In hierdie drama bied Heaney 'n weergawe van die mite wat ons uit Sophokles se drama *Philoktetos* leer ken. Hoewel daar verwysings na Philoktetos en Neoptolemos (die ander hoofkarakter in die mite) in die *Ilias* en die *Odusseia* te vinde is, is Heaney deur Sophokles en nie deur Homeros beïnvloed nie. 'n Kleiner, meer filologiese probleem is die inkonsekvente spelling van Griekse eiename: so vind ons byvoorbeeld Heraklitos in plaas van Herakleitos; Plutarchus, Pindarus, Glaukus en Hesiodus naas Homeros, Philoktetos en Priamos. In die notas word verder vreemd genoeg dikwels na bybelse ensiklopedieë en woordeboeke (byvoorbeeld *The Dictionary of New Testament Background*; *The International Standard Bible Encyclopedia*; *The Eerdmans Dictionary of Early Judaism*) as bron vir 'n Griekse mite of historiese feit verwys in plaas van na standaard klassieke naslaanwerke soos die *Oxford Classical Dictionary* of *Brill's New Pauly*. Laasgenoemde werke sou vir die leser wat verder wou lees oor Homeros van meer waarde wees as die bybelse naslaanwerke.

Die tweede hoofstuk, "Die *Ilias* op die weegskaal van die tyd", plaas die gebeure van die *Ilias* kortliks in historiese konteks (die titel is dus weereens nie heeltemal van toepassing nie), terwyl die derde hoofstuk, "Konteks", 'n baie nuttige en leesbare kort opsomming van die inhoud van elke boek van die *Ilias* gee.

Vos se weergawe van uittreksels uit die *Ilias* vind ons in die tweede helfte van die boek. Uit sy "Besinning oor vertaling" in hoofstuk 1, paragraaf 7.2 is dit duidelik dat hy in die "omdigting" van die Griekse teks nie probeer om die oorspronklike versmaat direk weer te

gee nie, maar nogtans probeer reg laat geskied aan die poëtiese kwaliteite van die oorspronklike: “’n Vertaling vra ook na die musikaliteit en samevoeging van woorde en sinne. Die vertaler moet luister na die woorde wat hy kies en dit vergelyk met die letterlike betekenis van die oorspronklike taal. Hy moet dan die gevoelswaarde daarteen opweeg ten einde die geskikte toonaard en kadens te vind” (38). Daarbenewens moet die vertaler so ver moontlik rekening hou met die kultuur-historiese konteks van die oorspronklike teks (40). Wanneer ’n mens Vos se weergawe lees, word jy inderdaad keer op keer getref deur die vars wyse waarop Grieks in Afrikaans oorgedra word. Ek gee slegs enkele voorbeelde wat redelik lukraak gekies is:

Toe die Daeraad die vroeë oggend soos ’n nageboorte kleur, stuur Apollo vir hulle ’n kragtige wind. Hulle laat die mas regop staan en vlerk die wit seile oop. Die wind blaas haar asem teen die seile en die skip se kiel roer purper golwe. (Boek I 91)

Twis laat galm die strydkreet,
hits die Achajers se harte aan,
oorlogswuede pak hulle beet,
die aarde sug, bloednat gesweet. (Boek VI 109)

Terselfdertyd moet die leser daarop bedag wees dat Vos se weergawe nie werklik ’n vertaling in die eng sin van die woord genoem kan word nie; daarvoor wyk dit te dikwels af van die Grieks. Ek noem ’n paar voorbeelde uit die begin van Boek I, met die letterlike vertaling van Van Rensburg ter vergelyking:

Agammemnon en Achilles se nerwe is maar
dun.

Met die wrokkied kry Zeus, die oppergod, sy
sin.

Wie laat die twis tussen die twee opvlam?
Apollo los in blinde woede ’n donker pes.
Agammemnon is die oorsaak van die onheil.
Dit is hý wat die eer van priester Chruses
krenk. (85)

In Van Rensburg se vertaling lui dieselfde gedeelte:

[...] die plan van Zeus is voleindig!—ja, vandat Atreus se seun, koning van manne, en die goddelike Achillès vir die eerste keer in twis van mekaar geskei het. Wie van die gode het hulle twee dan in twis en stryd teen mekaar gestel? Lêto en Zeus se Seun: woedend vir die koning, het Hy ’n bese pes dwarsdeur die laer verwek, en die manne het gesterwe, omdat die seun van Atreus sy priester, Chrusès, beledig het.

Net hierná, op dieselfde bladsy, word “die sterkskeemplaat-Achajers” en “die gode wat hulle Olimpiese wonings het” (Van Rensburg) deur Vos vertaal met “julle ander oorlogbeheptes” en “die gode wat in Olimpiese herehuise in weelde leef”, wat klaarblyklik die kultuurhistoriese konteks uit die oog verloor.

Vos se weergawe van die *Ilias*-uittreksels moet dus as ’n “indruk” of “resepsie” van Homeros beskou word, eerder as ’n vertaling. Lesers wat ’n kort indruk wil bekom van die *Ilias* sal baie vreugde hê aan die goedversorgde en aantrekklike band met die kragtige en frisse Afrikaans. Vir ’n nuwe Afrikaanse vertaling van die *Ilias* moet ’n mens egter nog wag.

Johan Thom
jct@sun.ac.za
Universiteit Stellenbosch,
Stellenbosch